

# KOMMUNIKAMMA 13 SEPTEMBER 2020



## **Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Dr Deon Els: 072 276 7555; els\_deon@yahoo.com

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

## **TEKS van die WEEK:**

Daniël 6:27 & 28a.

*“Die God van Daniël moet gevrees en geëer word. Hy is die lewende God, Hy bestaan vir ewig; Sy koninkryk sal nie vernietig word nie, Sy heerskappy sal nooit eindig nie. Hy red en bevry, Hy doen tekens en wonders in die hemel en op aarde.”*

## **SAKE vir GEBED:**

- Die watervlakke in ons opgaardamme is skrikwekkend laag. Pleit by ons Almagtige Vader dat Hy vir ons milde reën sal stuur. Ook ander dele in ons land wat al vir 5 jaar onder ‘n knellende droogte gebuk gaan.
- Ons loof die Here dat ons weer Sondag die eredienste in die kerkgebou kon bywoon. Dit was vreemd, maar ook heerlik. So ‘n voorreg uit God se hand.
- Ons is dankbaar dat ons gesondsdienste oral in ons stad nog steeds met liefde en toegewyding hul beste lewer.
- ‘n Groot dankie aan almal wat help om mense wat in nood verkeer te help en te ondersteun. Ons gaan voort met die Voedsel Projek om ongeveer 30 families in PE Noord van die nodige te voorsien.
- Dra ons president en sy leierspan aan die Here op en bid vir genade, wysheid en onderskeidingsvermoë van die Heilige Gees. Bid ook vir ons plaaslike munisipaliteit. Ons glo dat God in beheer van ons stad is.
- Bid dat die God sal ingryp teen die sinlose moorde, geweld, misdaad, korrupsie en onnodige, versteurde rasseverhoudings. Bid vir die mense wat daardeur geraak is. Vra dat geregtigheid sal geskied en dat die oortreders ‘n Damaskus ervaring sal hê en Jesus sal volg.
- Bid asseblief vir Pierre Rootman, Giel Meyer, Lenie Fourie, Fred Vosloo en Anna Coetzee wat almal ongesteld is.
- Ons dink ook aan Ansie (Fritz & Niekie vd Merwe van Mosambiek, se dogter) wat
- Ronel Crous se pa, Hugo Strumpher en Corrie, Marius Breytenbach se suster het altwee groot operasies ondergaan.
- Bid vir Ellenette Meiring met die afsterwe van haar ma.
- Bid vir al die matrikulante wat besig is met hulle rekordeksamen. Ons glo dat God hulle helderheid van verstand, insig en kalmte sal gee sodat hulle net hul beste sal kan weergee.
- Ons dank die Heer vir jou. Jy is kosbaar vir God en vir ons.

## **There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:**

Bid vir elke nuwe bekeerling in **Nepal** wat, as gevolg van hul nuutgevonde geloof, vervolging sowel as verbanning uit hul eie gesin in die gesig staar,

## **EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU IS HERVAT**

Eredienste in die kerkgebou is hervat. Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en ‘n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons reeds alles in plek. Slegs 50 persone word per diens toegelaat. Die sangleiers mag sing, maar ons mag nie saamsing nie. Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

Indien jy een van die eredienste op 20 September in die kerkgebou wil bywoon, bespreek voor of op Woensdag 16 September jou plek by Niekie.

## **PROGRAM VIR DIE WEEK:**

### **Sondag 13 September**

#### **EREDIENSTE**

08:30 Eietydse Diens

10:00 Klassieke Diens

Die digitale eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

### **Maandag 14 September**

#### **12: 45 GEMEENTEBIDUUR**

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie. Almal is welkom.

### **Dinsdag 15 September**

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.

### **Voedselhulp aan PE-Noord**

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en teen Woensdag 9 September is reeds R 125 645.76 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons probeer so 30 gesinne per week help. Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Sonja en Piets Spies (Cassarylaan 82) of MG van Rooyen (Asterlaan 16) afgelaai word. U kan ook inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

### **Woensdag 16 September**

#### **KERKKANTOOR**

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie (082 561 8747) indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

### **Vrydag 18 September**

#### **MANNEGROEP**

05:00 by Elandre Bosch (Lilylaan 68). Alle manne welkom om te kom saamkuier.

### **VGK SA Cala**

Die Magrietjie-selgroep het kinderontwikkelings-pakkies saamgestel vir 'n kleuterskool in Cala en benodig nou 'n saamrygeleentheid vir hierdie bokse. Indien die bokse tot in Queenstown kan kom, sal dit al klaar baie help. Kontak vir Zelda Bakkes (083 950 6096) indien jy kan help.

### **VERJAARSDAE**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- |              |  |
|--------------|--|
| 13 September | Alet Bosch, Ruan de Lange, Nicky Esterhuyse, Rina McCabe, Malan Meiring, Martie Myburgh en Jane Scheepers  |
| 14 September | Wayne Delpport, Yvette Erasmus en Lindi Grobler  |
| 15 September | Anru Botha, Penelope Greyling, Wynand Grobler, Petrus Jordaan, Hano van Rooyen en Wian van Rooyen  |
| 16 September | Maryke Vriend, Vince Jearey, Jenna le Roux en Johan van der Merwe  |
| 17 September | Heinrich Albertyn, Nicolene Botha, Zander Botha, Jaco Kotze, Lise Minnie, Etienne Stassen en Elsa van der Merwe  |
| 18 September | Amoret Basson, Robert Cronjé, Amelia Esterhuyse, Linda Heath, Joey Koen, Belinda Krause, Alexander Meyer, Nicole Meyer, Benjonita Shaw, Luna Van Heerden |
| 19 September | Judy Hattingh, Margita Marx en Erene van Rooyen  |



## **CHRISTELIK-MAATSKAPLIKE RAAD PE HOU DANKBAAR JAARVERGADERING**

Die CMR in Port Elizabeth het vandeeweek jaarvergadering gehou en geskiedenis gemaak deur die vergadering gelyktydig op Zoom te stroom.

Die CMR kyk dankbaar terug op 76 jaar van maatskaplike diens aan die verskillende gemeenskappe van Port Elizabeth. Hul visie is om Christus se liefde in aksie te wees. Hoewel finansies 'n uitdaging is, kyk die Raad dankbaar terug op ondersteuning van die staat, gemeentes en verskeie donateurs oor die verslagtydperk. Die kantoor van die CMR is ook geveer en onderhoud en noodsaaklike opgradering is aangebring.

Die verslag meld dat individuele maatskaplike dienste aan 11 917 persone gelewer is. Groep- en gemeenskapswerk is onderneem rondom seksuele misbruik en molestering, lewensvaardighede, konflik en kommunikasie, voeding, tuisversorging, beskermingsdienste, oerleiding en ma-en-baba-groepe. 'n Totaal van 2 509 sodanige groepwerksessies is aangebied.

As kerklik-maatskaplike diensarm bereik die CMR mense wat ondersteuning en bemagtiging broodnodig het in elke uithoek van ons metropool.

Die volledige, indrukwekkende jaarverslag is by die kerkkantoor beskikbaar.

## **DIGITALE SPAN**

Daar is geen twyfel dat die digitale bediening gekom het om te bly nie. Is daar iemand wat op hierdie diensgroep wil help? Kontak asb vir Niekie.



## **DANKOFFER en TIENDEMAAND DANKOFFER**

Die eerste 6 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.

Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.

Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word.

Ons herriner u daaraan dat Oktober ons tiendemaand dankoffer maand is en doen 'n beroep op u om biddend te oorweeg om 'n ekstra dankoffer bydrae te maak.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma  
Absa Tjekrek 1400590091  
Takkode 632005



## **ADVERTENSIEBLAD**

Hierdie advertensieblad gee gemeentede kans om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer.

Gemeentede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by [kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za](mailto:kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za).

Die advertensies sal op facebook verskyn. Die inligting word 2 weklíks uitgestuur op die Whatsapp gemeentegroep.